

**GRAAD 11 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
WERKKAART 2**

Naam & Van: _____ Gr11. _____

Vraag 1: Leesbegrip

Lees die volgende artikel en beantwoord dan die vrae.

Waar daar 'n rokie is ...

“Maar Ma, dis heeltewel natuurlik!” protesteer haar tienerseuns. “Kyk net al die geure – daar’s appel, framboos en sjokolade. Dis duidelik skadeloos en almal se ouers laat hulle toe om dit te doen. Kan ons ook asseblief ’n *hubbly-bubbly* kry? Weet Ma, almal oorsee rook dit omdat dit soveel gesonder as sigarette is.” So onthou ’n ma van Kaapstad ’n gesprek met haar tienerseuns ’n paar jaar gelede.

Al berou sy dit nou, het sy vir hulle ’n waterpyp gaan koop. En ten spyte van toenemende bewyse oor die gevare daarvan, vind soortgelyke gesprekke steeds tussen kinders en ouers in huise oral in Suid-Afrika plaas.

Dis steeds ’n algemene gesig om tieners op partytjies en studente op kampusse in groepies te sien waterpyp rook. Twee jaar gelede het die Mediese Navorsingsraad ’n waarskuwing oor waterpype uitgereik nadat hulle verskeie navrae gekry het. Hulle navorsing, wat in Johannesburg uitgevoer is, het ook getoon die rook van dié pype het die afgelope drie jaar toegeneem.

Te veel mense beskou die algemeen beskikbare, goedkoop waterpyp steeds as ’n skadelose sosiale tydverdryf. Dis ook geen wonder nie – ’n gewilde kleinhandelaar vertoon steeds die slagspreuk: “Deel dit enige tyd en op enige plek met familie en vriende!” Dit klink skrikwekkend baie soos ’n sigaretadvertensie van ’n paar dekades gelede toe almal nog gedink het dis piekfyn om sigarette te rook. Waterpype is nie net so gevaarlik soos sigarette nie, dis gevaarliker!

Waterpypokers kry steeds alles in – nikotien, teer en hoë vlakke van ander stowwe wat kanker kan veroorsaak, asook koolstofmonoksied. Dit is verder net so verslawend soos sigarette.

Skrik-statistiek:

In ’n tipiese rooksessie trek ’n sigaretroker in 5–7 minute 8–12 teue in en kry 0,5 tot 0,6 L rook in.

In ’n tipiese rooksessie kry ’n waterpypoker in 20–80 minute 50–200 teue en 7,5 tot 200 L rook in.

Sowat 100 keer meer skadelike rook word in ’n waterpypsessie ingeasem as met die rook van een sigaret.

’n Waterpypsessie kan sowat 36 keer meer teer en sowat 8 keer meer koolstofmonoksied bevat as die rook van ’n enkele sigaret.

(*Huisgenoot*, 22 Maart 2012.)

Vrae:

- 1 Wie se seuns is in die eerste paragraaf aan die woord? (1)
 - 2 Die seuns voer allerhande redes aan hoekom die waterpyp nie gevaarlik is nie.
Noem twee redes. (2)
 - 3 Die ouer in die tweede paragraaf is jammer dat sy wel 'n waterpyp gaan
koop het. Haal een woord aan om dit te bewys. (1)
 - 4 Hoekom is dit ontstellend dat sulke gesprekke nog steeds tussen ouers en
kinders plaasvind? (1)
 - 5 Noem twee redes hoekom die waterpyp toeganklik vir baie mense is. (2)
 - 6 Die media bevorder nie die rook van waterpype nie.
 - a Is hierdie stelling waar of onwaar? (1)
 - b Motiveer jou antwoord in 6a. (1)
 - 7 'n Paar dekades gelede was dit heeltemal aanvaarbaar om sigarette te rook.
 - a Is hierdie stelling waar of onwaar? (1)
 - b Motiveer jou antwoord in 7a. (1)
 - 8 Wat het die Mediese Navorsingsraad laat besluit om 'n verklaring oor
waterpype uit te reik? (1)
 - 9 Waterpype en sigarette is ewe gevaarlik.
 - a Is hierdie stelling waar of onwaar? (1)
 - b Motiveer jou antwoord in 9a. (1)
 - 10 Watter boodskap het hierdie artikel vir jou as leser? (1)
- (15)**

Vraag 2: Opsomming

- Skryf sewe selfoonetiket-reëls neer.
- Elke antwoord moet in 'n volsin wees.
- Jou opsomming mag nie meer as 70 woorde wees nie.

(10)

Die gebooi van selfoonetiket

Dit is al twee dekades sedert selfone op die toneel verskyn het, maar steeds lyk dit of Suid-Afrikaners nog nie basiese selfoonetiket onder die knie het nie. Trouens, die koms van slimfone het 'n nuwe epidemie van slegte selfoongewoontes veroorsaak.

Wanneer jy saam met jou gesin kuier, sit jou foon af of wag tot na die hoofgereg om foto's en nuwe apps vir mekaar te wys. Die wêreld sal nie vergaan as jy gesinstyd respekteer nie. Sit jou handvrye toestel in voordat jy begin ry. Dis heeltemal onaanvaarbaar om te praat terwyl jy bestuur.

Skouerknipers irriteer nie net die verkeerspolisie nie, maar ook enige beskaafde motoris.

Moenie jou handel en wandel uitbasuin terwyl jy tussen ander mense is nie. Nie almal in die bus wil hoor wat jy gisteraand gedoen het en wat jy vir middagete gaan eet nie. Praat sagter en hou die gesprekke maar stemmig. Verder moet jy mooi dink watter luitoon om te gebruik. Probeer om die luitoon nie te *way-out* te maak nie.

Moenie jou uitgaande nommer verberg nie. Dit was in die negentigerjare modieus om dit te doen, maar deesdae wil 'n mens weet wie jou bel. Baie mense antwoord doodgewoon nie meer 'n oproep wat nie 'n nommer of naam wys nie. As jy SMS-taal gebruik, moet jy seker maak ander mense kan dit verstaan. Dit mut so ws k kn vstaan. Kyk mooi na jou foon. Dit is deesdae ons beste vriend in die dulle gejaag van die moderne lewe. Koop vir hom of haar 'n mooi jassie. Hou jou foon skoon en netjies, en gee hom 'n naam. Myne is Alexander (soos in Graham Bell). As hy maar geweet het wat alles gebeur het sedert daai eerste oproep in 1876...

(Casper de Vries en Charlene Lackay, *My tyd*, 4 Maart 2012.)

Vraag 3: Taal

Lees die volgende artikel en beantwoord dan die vrae.

Facebook red gesin

Facebook help om met vriende (1) aanraking te bly, maar nou het dit daartoe bygedra om die lewe van 'n Pretoriase ma en haar seun te red.

Lizette Langeveld het facebook gebruik om haar vriende in te lig dat sy en haar tienjarige seun gyselaar gehou word terwyl misdadigers besig was om hulle huis te plunder, het *Beeld* berig.

Volgens Langeveld het die inbrekers haar vasgebind en gedreig om haar te verkrag en haar man, wat enige oomblik kon tuiskom, dood te maak.

Sy het daarin geslaag om haarself te bevry en het saam met haar seuntjie in 'n hangkas gaan wegkruip. Daar het sy haar facebook-status opgedateer met die volgende boodskap: "Help, asseblief! Hier is 'n (5 gewapen) roof. Hulle wag vir Hennie by die hek. Bel hom asseblief en sê hy moenie inkom nie."

Haar vriende het dadelik haar man en die polisie gekontak. Toe hulle en veiligheidsmagte 'n paar minute later opdaag, het die rowers klaar die hasepad gekies.

(*Nuusnou*, 15 Maart 2012.)

Vrae:

- 1 Gee die korrekte voorsetsel.
Facebook help om met vriende (...) aanraking te bly. (1)
- 2 Gebruik die vetgedrukte woord in 'n sin sodat dit 'n ander betekenis het as hieronder.
Lizette Langeveld het facebook gebruik om haar vriende in te **lig** dat sy en haar tienjarige seun gyselaar gehou word. (1)
- 3 Skryf die volgende sin in die lydende vorm.
Die inbrekers het haar vasgebind. (1)
- 4 Gee die meervoud van die vetgedrukte woord.
Sy het haar **status** opgedateer. (1)
- 5 Gee die korrekte vorm van die vetgedrukte woord.
Hier is 'n **gewapen** roof. (1)
- 6 Verander die stelsin in 'n vraagsin. Die vetgedrukte woorde is die antwoord.
Haar vriende het dadelik haar man en die polisie gekontak. (1)
- 7 Gee die verkleining van die vetgedrukte woord.
Hulle wag vir Hennie by die **hek**. (1)
- 8 Gee die infinitief van die volgende sin.
Die polisie daag dadelik op. (1)
Begin só: Die polisie behoort...
- 9 Verbind die twee sinne met die voegwoord tussen hakies.
Hier is rowers. Hy moenie inkom nie. (dus) (1)
- 10 Skryf die volgende sin oor in die toekomstige tyd.
Die polisie daag dadelik op. (1)
- 11 Skryf hierdie sin in die ontkenende vorm.
Sy het daarin geslaag om haarself te bevry. (1)
- 12 Skryf die sin in die indirekte rede.
Lizette sê: "Vier rowers is nou in my huis." (3)
- 13 Kies die korrekte voornaamwoord.
Die rowers van (wie/wat) sy praat, het gevlug. (1)

(15)